

Gereformeerde Kerk Bellville – 29 Mei 2016 – Aand – Danksegging

Sing vooraf staande: Psalm 103:1, 6 (p. 504)

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.
- 6 Soos hoog bo ons verrys die hemelboë, / so sal sy guns, uit eewige mededoë
geweldig hoog bo al sy kinders staan. / En soos die oosterkim se helder glanse
ver weg is van die kwynende awendtranse, / so ver het Hy ons sondes weggedaan.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 122:1, 2 (p. 610)

- 1 Ek was verheug toe die geluid / weerklink het bo die ruimtes uit:
Kom, laat ons optrek hiervandaan, / om na die HEER se huis te gaan!
O heil'ge stad, gelukkige oord, / ons voete staan nou in jou poort!
Jerusalem, waar al die stamme / op Gods bevel hul feesdag hou,
Jerusalem is goed gebou / en glinster in die son se vlamme.
- 2 Daar staan die Dawidstroon gestig – / 'n regterstoel vir die gerig.
Gelukkig hy wat jou bemin, / wat juigend gaan jou poorte in
en bid dat vrede lank mag duur / in jou paleis en vestingmuur.
Om vriende en broers soek ek jou vrede; / en om Gods huis, my hoogste skat,
soek ek vir jou die goeie, o stad, / wat skoonste is van alle stede.

Gebed

Psalm 91:1, 3 (p. 460)

- 1 Wie toevlug neem in veil'ge hut / en skuil by die Alhoë,
hy word beskadu en beskut / deur God se alvermoë.
O HEER, my Rots, op wie ek bou, / by U is't my die beste;
my toevlug waar ek stil vertrou, / in nood my veil'ge veste.
- 3 Geen vrees, wanneer by donker nag / die skrik 'n mens laat bewe;
geen vrees, wanneer die pyl oordag / geswind kom aangeswewe.
Geen vrees, wanneer die dood sy prooi / verslaan in middagstonde,
of as die pes sy gifkiem strooi / by nagtelike ronde.

Skriflesing: Amos 9:1-15

Kernverse: Amos 9:11-12

**In dié dag sal Ek die vervalte hut van Dawid weer oprig, en Ek sal sy
skeure toebou en sy puinhope herstel, en Ek sal dit opbou soos in die
ou tyd; sodat hulle in besit kan neem die oorblyfsel van Edom en al die
nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die HERE wat dit doen.**
(Amos 9:11-12 AFR53)

Tema: Lewe onder die regering van die Here

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, met ons aansit aan die tafel van die Here
vanoggend het ons gelowig gereageer op die roepstem van die Here. Hy het ons geroep
om Hom te soek sodat ons kan lewe. Ons het na die tafel van die Here gegaan, nie omdat
ons volmaak en sonder sonde is nie. Inteendeel, ons erken en bely dat ons nog baie
gebreke het – gebrek aan geloof, gebrek aan ywer in God se diens, gebrek aan liefde vir

God en ons naaste. Op grond van die Here se oproep om ons lewe in sy Seun Christus te soek, het ons aan die tafel gaan sit en deelgeneem aan die nagmaal.

Deur die kragtige werking van die Heilige Gees glo ons met ons hart en bely ons met ons mond dat Jesus Christus met sy kosbare bloed ons skuld by die Vader volledig betaal het. Daarom is Christus ons lewe. Deur die geloof het die Heilige Gees God se kinders nog meer verenig met die geseënde liggaam van Christus omdat die Heilige Gees tegelyk in Christus is en in hulle woon (Heidelbergse Kategismus, Sondag 28:76).

Ons het verder met ons aansit aan die tafel gesê dat ons die opregte begeerte het om met ons hele lewe dank aan God te bewys, opreg voor Hom te lewe en in ware liefde en eensgesindheid met ons naaste te lewe. Omdat ons vanaand weer in die erediens is, bestaan die vertrouwe dat hierdie begeerte nog steeds by ons is. Ons wil lewe onder die volmaakte regering van die Here Jesus Christus. Hoe lyk die lewe onder die Here se regering? Die antwoord op hierdie vraag vind ons in ons kernverse.

Broers, susters en kinders, laat ons net eers weer 'n oorsig oor die boek Amos kry, want ons kernverse lyk vir ons onge oefende oë so uit plek uit. Amos kondig nog die onvermydelike oordeel van die Here oor die Israeliete aan en skielik praat die Here van 'n dag waarop alles geheel en al gaan verander. Die verandering wat ons in die kernverse raaksien is versoening en vergifnis, maar dit strek veel verder as versoening en vergifnis. Hier hoor ons al die geluide van die nuwe aarde. Hoe werk dit dat die Here nog die een oomblik oordeel en sê hoe erg dit gaan wees en net die volgende oomblik wys die Heilige Gees vir ons die volmaakte lewe onder die regering van die Here?

Wanneer 'n mens die hele boek lees, hoor ons van die eerste woorde af wat Amos gepreek het hoe die onweerswolke al dreigend rondom Israel saampak. Met 'n gemaal en 'n gerol het die toorn van God al nader aan die volk gekom. Kort-kort het die bliksemstrale van God se oordele oor die volk vanuit die wolke donkerheid gefliets. En hier aan die einde van Amos se prediking bars die geweldige storm van God se toorn oor sy volk los.

In die laaste van die vyf gesigte gee die Here die opdrag vir die finale oordeel oor Israel. Die staatsheilighdom – die koninklike tempel in Bet-El – word getref. Die bopunt van die pilaar word geslaan sodat die drumpels bewe. Die hele tempel waar Israel met sy oppervlakkige en kamtige diens aan die Here besig is, tuimel op hulle in. Die Here laat so te sê Israel se misdade op hulle koppe afkom. En niemand van hulle sal daaruit vrykom nie; niemand sal homself kan red nie.

Diegene wat die verwoesting van die tempel oorleef, kan maar vlug so al wat hulle kan. Hulle kan maar in die geesteswêreld uitkoms gaan soek – in die doderyk of in die hemel. Die Here sal hulle uit die doderyk uithaal en van die hemel af sal Hy hulle laat neerdaal. Selfs in die fisiese wêreld is daar nie wegkruipplek nie. Al vlug hulle na die top van Karmelberg, sal die Here hulle daar weghaal. Al gaan hulle die dieptes van die see in, sal die Here hulle daar ook tref. Selfs nie eers die uiteindelik ballingskap sal vir hulle 'n uitkoms wees nie. Ook daar sal die Here hulle met die swaard agtervolg en hulle doodmaak.

Die natuur is aan die heerskappy van God onderwerp. Hy raak net aan die aarde en dit bewe. En almal wat daarop woon treur. Niemand van die volk sal êrens op die aarde vir die Here kan wegkruip om sodoende die oordeel van die Here te ontkom nie. Dit is nie net in die natuur op aarde waar die Here so oorweldigend regeer nie. Ook die hemele is aan sy heerskappy onderwerp.

Israel het nog gemeen hulle is die uitverkore volk van God – die oordele van die Here sal hulle nie bereik nie. God het hulle dan self uit Egipte verlos en na die beloofde land gebring. Hulle het hulleself verhewe geag bo al die ander volke. Maar die ander volke is ook onder die regerende hand van die Here. Hy het die Filistyne uit Kaftor laat trek en die Arameërs uit Kir. Israel kan en mag nie daarop staatmaak dat God hulle goddeloosheid oor die hoof gaan sien omdat Hy in die verlede so genadig met hulle was deur hulle uit Egipte te verlos nie.

Die feit dat God hulle onder al die volke uitgekies het, moes in hulle nakoming van die verbondspilte duidelik word. Met hulle hele hart, hulle hele siel en al hulle kragte moes hulle die Here hulle God liefhê. Teenoor hulle naaste moes hulle met liefde optree soos wat hulle wil hê die ander mense teenoor hulle moet optree. Maar hulle afwyking van God se bouplanne vir hulle lewe op kerklike en sosiale gebied het gelei tot die afbreekwerk in Israel. Met hulle sonde het hulle die hut van Dawid verwaarloos en vervalte laat raak.

Die kerklike lewe in daardie tyd was 'n armoedige en oppervlakkige godsdiens, want die wil van die Here het by hulle in die vergetelheid geraak en hulle eiewilligheid het die oorhand gekry. Hulle godsdiens was uiterlik mooi en skitterend, maar binne was dit leeg, sonder inhoud, want dit was sonder God. Hulle het nog die Here se selfopenbaring in sy Wet en verlossingswerk op papier gehad, maar dit was nie in hulle lewens sigbaar nie.

Daarom het die hut van Dawid verwaarloos en vervalte geraak. En met die oordeel wat in wolke donkerheid op Israel afstorm, breek die Here die murasies van hulle godsdiens finaal af. Met sy oordeel bevestig die Here wat Israel self gedoen het. Hulle het hulleself afgebreek, daarom sal niemand van God as Regter kan ontsnap nie en sal die jonkvrou – Israel – op die grond neergegooi lê sonder iemand wat haar ophelp.

Maar broers, susters en kinders, oordeel is nie die laaste woord van God nie. Tussen die wolke donkerheid wat saamgepak het, het die helder strale van genade al deurgebreek. Reeds in daardie begrafnislied wat ons vanoggend gelees het, het daar van hierdie strale van God se genade deurgebreek:

Miskien sal die HERE, die God van die leëskare, Hom ontferm oor die oorblyfsel van Josef. (Amos 5:15 AFR53)

In die eerste twee gesigte wat Amos aan die begin van hoofstuk 7 gesien het hoor ons ook van die Here se genade. Hy sal nie sy handewerk totaal tot niet maak nie. Alhoewel die Here alle reg het om elke liewe sondaar van die aarde af te verdelg, doen Hy dit nie. Hy lê eerder sy skietlood aan en toets elkeen van die sondaars afsonderlik. En selfs in hierdie oordeel van hoofstuk 9 hoor ons die Here sê:

Kyk, Ek gee bevel en sal die huis van Israel onder al die nasies skud soos in 'n sif geskud word, maar daar sal geen korrel op die grond val nie. (Amos 9:9 AFR53)

Die aankondigings van die komende oordeel is nie maar net 'n aankondiging van wat die Here gaan doen nie. Hierdie aankondigings dien ook as oproep tot bekering. Die Here het immers nie 'n behae daarin dat die sondaar weens sy sonde sterf nie, maar dat hy hom bekeer en bly lewe. En nou wys die Here in ons kernverse waarheen Hy op pad is met die mense wat na Hom luister en hulle bekeer.

In dié dag sal Ek die vervalte hut van Dawid weer oprig, en Ek sal sy skeure toebou en sy puinhoop herstel, en Ek sal dit opbou soos in die ou tyd; sodat hulle in besit kan neem die oorblyfsel van Edom en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die HERE wat dit doen. (Amos 9:11-12 AFR53)

Die profete het vorentoe gekyk na wat die Heilige Gees vir hulle in die toekoms gewys het. Esegïel het die volmaakte priesterdom van die Here gesien (Eseg 40-48). Hosea, die profeet wat sy vrou liefgehad het, het die volmaakte huwelik gesien tussen die hemelse Bruidegom en sy bruid (Hos 2:13-22). Maar die toekomsblik wat menige profeet se aandag aangegryp het, was die vervulling van die Here se beloftes aan Dawid. Dit is die belofte dat daar uit die nageslag van Dawid Een sal wees wat as Koning op Dawid se troon sal sit en dat daar geen einde aan sy koningskap sal wees nie.

Hier gee die Here weer die belofte. Hy sal die vervalte hut van Dawid weer oprig. Aangesien daar in vers 11 van die komende Koning uit Dawid se huis geprofeteer word, sou 'n mens verwag dat die Here die troon van Dawid sal bevestig. Maar Amos gebruik die ongewone begrip *die hut van Dawid*. Met die woord *hut* beklemtoon die Here die onvolmaaktheid en tydelikheid van die mens. 'n Hut gee koelte in die hitte, maar dit verskaf nie behoorlike beskerming teen die elemente van die natuur nie.

Maar afgesien daarvan dat die woord *hut* die broosheid uitdruk en die vier werkwoorde in vers 11 daarop dui dat die huis van Dawid slegs deur God se genade staande kan bly, word die woord *hut* die meeste kere in die Ou Testament gebruik in verband met die loofhuttefees. In die konteks van hierdie hoofstuk en boek is dit baie betekenisvol.

Die vyfde gesig van Amos begin waar Amos die Here by die altaar sien staan. Met die Here wat by die altaar staan en met die woord *hut* in verband met die loofhuttefees lei die Heilige Gees ons herinneringe terug na koning Jerobeam I. Dit is hy wat twee goue kalwerbeelde gemaak het en een by Bet-El en die ander een by Dan opgerig het, sodat die Israeliete nie na Jerusalem sou gaan om te offer nie. Om sy koningskap te bevestig en te bestendig het hy die aanbiddingsplekke met die beelde gebou en self priesters aangestel uit mense wat nie eers tot die priesterlike stam Levi behoort het nie. Toe hy die beeld by Bet-El opgerig het, het Jerobeam by die altaar in Bet-El gestaan en offers daarop gebring aan die begin van 'n nagemaakte loofhuttefees. Die ware loofhuttefees het 'n maand tevore in Jerusalem plaasgevind. Dit is 'n fees wat die volk op bevel van die Here gevier het om hulle dank aan die Here te bring vir die beskerming wat Hy aan hulle gegee het tydens die veertig jaar in die woestyn op pad na die beloofde land.

By hierdie nagemaakte loofhuttefees het Jerobeam in die kollig gestaan en as self-aangestelde priester die rol van 'n middelaar probeer vervul tussen die volk en die Here. Met dit in gedagte lees 'n mens weer die belofte van die Here dat Hy die vervalte hut van Dawid sal oprig. Dan is dit nie maar net die herstel van die koningskap in die huis van Dawid wat belowe word nie. Hier word ook die volmaakte koninklike Middelaar belowe – Jesus Christus. Hy is die enigste Een wat waardig is om as Middelaar tussen die mense en God te staan. Net Hy kan die volmaakte offer ter versoening van hulle sondes bring.

Die gedagte aan die huttefees en waarom die volk dit moes vier lei 'n mens se gedagtes ook na die evangeliese profeet in die Ou Testament – Jesaja. In Jesaja 4 lees ons hierdie woorde:

Dan sal die Here bedags 'n wolk en snags die rook en glans van 'n vlammeende vuur skep oor elke woonplek op Sionsberg en oor al die bymekaarkomplekke daar. Sy magtige teenwoordigheid sal alles beskut. Daar sal 'n skuiling wees, 'n skaduwee teen die hitte bedags, 'n skuilplek en toevlug teen stortbuie en reën.

(Jesaja 4:5-6 AFR83)

Die wolk en vuur dui op God se eie teenwoordigheid wat 'n skuilplek en verkwikking gee. Later in Jesaja 32 verbind die Heilige Gees hierdie skuilplekke met die tyd wanneer die

Messiaskoning sal regeer (Jes 32:1-2). Dus, wanneer die Here die vervalte hut van Dawid weer oprig, belowe Hy die Koning wat sal regeer en wie se middelaarswerk volkome aanvaarbaar vir die Here sal wees. Sy teenwoordigheid bring veiligheid en verkwikking vir sy mense.

Die rede waarom die Here belowe het om die vervalte hut van Dawid weer op te rig, was:

sodat hulle in besit kan neem die oorblyfsel van Edom en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die HERE wat dit doen. (Amos 9:12 AFR53)

Die Here het van die eerste belofte oor die komende Messias die mense van die hele wêreld in gedagte gehad (vgl. Gen 3:15; 12:1-3). Edom word hier uitgesonder as die versameling van al die heidense vyande teen die volk van die Here. Maar die Here praat van die oorblyfsel van Edom. Dit wil sê dit is 'n klein groepie uit al die heidense volke oor wie die Here se Naam uitgeroep is. Hierdie oorblyfsel uit Edom is niemand anders nie as al die uitverkorenes van die Here uit al die heidense volke. Die Here het sy Naam oor hulle uitgeroep omdat Hy hulle as sy eiendom verkies het. Hulle sal in besit geneem word deur die herstellende hut van Dawid. Die Here sal hulle insluit by die uitverkorenes uit die Joodse volk om vir ewig sy volk te wees.

Om terug te kom na die vraag wat ons aan die begin gevra het: Hoe lyk die lewe onder die Here se regering? Uit ons kernverse kom ons agter dat daar veiligheid en verkwikking is onder die regering van Jesus Christus. En hierdie veiligheid en verkwikking het die Here nie net vir die Joodse nageslag van Abraham bedoel nie maar vir al die uitverkorenes onder elke volk, taal en nasie.

Nou kan iemand vra: Maar wat het dit nou met ons te doen in die een en twintigste eeu in Bellville? Vir ons wat vanoggend saam nagmaal gevier het beteken dit dat die Here besig is om hierdie belofte van Hom waar te maak. Jesus Christus is die Koning wat vir ewig op die troon van Dawid sal sit, want Hy is die Middelaar wie se verlossingswerk volkome is. En deur die genade van God het die Heilige Gees al vir ons wat uit die heidense nasies afstam onder die koningskap van Jesus Christus ingebring.

Wanneer ons dan aanhoudend wil deel hê aan die veiligheid en verkwikking onder Christus se koningskap, moet ons begeerte om opreg voor God te lewe en in ware liefde en eens-gesindheid met ons naaste te lewe nie net 'n begeerte bly nie. Mag die Heilige Gees ons so lei en regeer dat hierdie begeerte werklikheid sal wees in ons elkeen se lewe.

Amen!

Slotgebed

Psalm 91:5, 8 (p. 461)

- 5 Wie toevlug neem in veil'ge hut / en skuil by die Alhoë,
hy word beskadu en beskut / deur God se alvermoë.
In onheilsnag sal geen geweld / jou pad onveilig maak nie,
jou reistent, eensaam in die veld, / geen kwaad of plaag genaak nie.
- 8 "Hy roep, en Ek beskerm hom daar, / totdat die nood verby is;
Ek lei hom na die hoogtes waar / 'n eerkrans hom berei is.
Die menseleeftyd, vlug en kort, / verleng Ek uit genade,
sodat hy blye aanskouer word / van al my reddingsdade."

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
29 Mei 2016